# Die Teken van Jona – deur P.K. Odendaal Okt. 2007

Mat 12:39 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. v40 Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. v41 Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en - meer as Jona is hier! v42 Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor, en - meer as Salomo is hier!

As ons na hierdie skrif kyk, sien ons dat die Here Jesus direk oorgaan van Jona na sy eie kruisiging en dan direk na die laaste oordeel. Dit laat my dink dat die verwysing na die teken van Jona nie net die drie dae in die hart van die aarde is nie, maar ook die laaste oordeel (en baie dinge tussenin).

As mens die bybel lees, moet 'n mens gedagtig wees aan die verhaal wat in die agtergrond afgespeel word en wat nie so direk uitgestippel word nie, m.a.w. agter die verhaal wat ons lees, is daar nog 'n verhaal (en slefs meer). In hoofsaak is hierdie versteekte verhaal een van die sondeval van die mens, die weggee van die aarde aan die vyand, die liefde, genade en versoeningsbloed van die Here Jesus en die uiteindelike herwinning van die paradys.

Net so kan ons ook in die verhaal van Jona hierdie selfde verhaal in die agtergrond sien afspeel en selfs in meer detail. In die algemeen behels die verhaal van Jona die stuur van 'n gesant na 'n ver land, die tussentydse greep van drie dae in die onderwêreld, die prediking en bekering van die mense in die ver land en die genade wat hulle deelagtig geword het, toe hulle hulself bekeer het. Dit is waarlik net soos die verhaal van verlossing wat ons deelagtig geword het.

Ons begin deur die waarneming van God die Vader dat die boosheid van die aarde opgestyg het voor sy aangesig en die opdrag aan Jona om hom klaar te maak om na hierdie ver land te gaan en daarteen te preek.

Dit stem ooreen met die verlore seun (in hierdie geval die Here Jesus) wat sy goed geneem het en dit met ons (sy vriende) verkwis? het. Ons het dus erfgename van al sy besittings geword… Luk 6:20 Salig is julle armes, want aan julle behoort die koningkryk van God. Ook het hierdie verlore seun se vriende hom verlaat – toe hy niks oorgehad het behalwe sy lewe nie. Sien Mat 26:56 .. Toe het al die dissipels Hom verlaat en gevlug.

Dit stem ook ooreen met Luk 19:12 'n Man van hoë geboorte het na 'n ver land afgereis om vir homself 'n koningskap te ontvang.

Jona klim op 'n skip en raak aan die slaap terwyl die storms woed. Sien Matt 8:24 En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap.

Jona word in die see gegooi en spandeer 3 dae en 3 nagte in die buik van die vis. Sien Mat 12:40 … want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die vis

was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Die Here Jesus was nie in die Hel nie, maar in die doderyk om die dooies te laat opstaan. Sien Mat 27:52 En die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan v53 en na sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.

Vergelyk ook die verhaal van die dood van Lasarus. Lasarus is 'n tipe van die opstanding van die dooies. Sien eers vir Lasarus in die paradys (aan die boesem van Abraham) in Luk 16:20 – 'n tipe van die dooies of slapendes soos die Here Jesus hulle noem. Dan sien ons die opwekking van Lasarus nadat hy drie dae en drie nagte in die doderyk deurgebring het. Let veral die opmerking van Martha wat sê in Joh 11:24 Ek weet dat hy sal opstaan in die laaste dag – d.i. die opstanding van die dooies.

In die vis se buik sien ons dat die seegras om Jona se hoof gedraai was – soortgelyk aan die doringkroon om die Here Jesus se hoof.

Jona 2:6 Ek het afgedaal tot by die grondslae van die berge, die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit, maar U het my lewe uit die kuil opgetrek. vergelyk met Ps 24:7 Hef op julle hoofde , o poorte, ja verhef julle ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan.

Jona 2:4 Toe het ek gesê : Ek is weggestoot, weg van u oë; tog sal ek weer U heilige tempel aanskou. Vergelyk met Mat 26:47 .. My God, My God waarom het U my verlaat ?

Jona het 40 dae aan die mense van Nineve gepreek. Vergelyk Hand 1:3 terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het.

Einde ten laaste vind ons Job onder die wonderboom sit en wag vir die oordeel van Nineve, maar hy sal lank wag want die mense van Nineve moet vir Nineve oordeel. Job het ook na die Here gesoek om sy saak aan Hom voor te lê, maar Hom nêrens gevind nie, want dit was nog nie die tyd vir sy regsaak en die oordeel nie. Dit was nog die tyd van Genade. Verder gaan Nineve nie geoordeel word nie, want hulle het die Raad van God aanvaar en hulle bekeer – en hulleself geoordeel.

Die verhaal van Jona eindig hier, maar die Here Jesus neem die verhaal verder in Mat 12:39. Hy praat met 'n sleg en owerspelige geslag en sê vir hulle dat Nineve hierdie geslag sal oordeel. Vergelyk 1 Kor 6:2 . Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie ?